

**DIE ROL VAN TOLKE IN ONDERHOUDVOERING: 'N  
SIELKUNDIG-SISTEMIESE PERSPEKTIEF EN  
GELDIGHEIDSBEPALING**

**DEUR**

**Amanda Barsby**

**VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE  
VEREISTES VIR DIE GRAAD**

**MAGISTER ARTIUM (NAVORSINGSIELKUNDE)**

**IN DIE**

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**

**AAN DIE**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**Pretoria  
Maart 2005**

**“To translate is to invent, create and often betray – the source.”  
(Wallmach, 1996 : 288).**

## OPSOMMING

Titel:	Die rol van tolke in onderhoudvoering: 'n sielkundig-sistemiese perspektief en geldigheidsbepaling.
Kandidaat:	Amanda Barsby
Departement:	Sielkunde
Studieleier:	Prof R.P. de la Rey
Graad:	MA (Navorsingsielkunde)

Daar is elf amptelike landstale in Suid-Afrika en daar bestaan noodwendig die moontlikheid van kommunikasiemisverstande. Die navorser of sielkundige is dikwels nie die taal van sy of haar ondersoekgroep magtig nie en maak van tolke gebruik om die leefwêreld van hierdie mense te betree. Opgeleide tolke is egter skaars en die ondersoek poog om die mate van geldigheid van die vertalings van beskikbare tolke vanuit 'n sielkundig-sistemiese perspektief te bepaal.

Die studie is kwalitatief van aard. Vyftien onderhoude is met traumapatiënte by die Garankuwa Hospitaal se Mond- en Kaaksjirurgieafdeling gevoer maar net elf daarvan was bruikbaar. Die redes hiervoor is byvoorbeeld die swak kwaliteit van klank as gevolg van mondbeserings. Die onderhoude is behartig deur vier verpleegsters wat verder ook as tolke opgetree het. 'n Semigestruktureerde onderhoudskedule is aan hulle verskaf waarop hulle die vertaalde weergawe van elke onderhoud moes aanteken.

Bandopnames van die onderhoude is gemaak en verbatim vertaal. Betekeniseenhede is geïdentifiseer en 'n vergelyking is getref tussen dit wat die tolk vertaal het en dit wat die respondent werklik gesê het. Drie perseptuele style word gebruik om vas te stel hoeveel betekeniseenhede deur die tolk ingesluit (skerpmaking),

uitgelaat (gelykmaking) en verander (assimilasie) word. Die tolking-vertaal proses word ook ontleed binne die kontekstuele agtergrond en die paradimas van die deelnemers.

Dit is duidelik uit die resultate dat daar wel in Suid-Afrika 'n probleem rondom die geldigheid van die betrokke tolke se vertalings bestaan asook met die algemene beskikbaarheid van tolke en hulle vakspesifieke opleiding.

## SUMMARY

Title: The role of translators in interviewing: a psychological-systemic perspective and an assessment of validity

Candidate: Amanda Barsby

Department: Psychology

Study Supervisor: Prof R.P. de la Rey

Degree: MA (Research Psychology)

Eleven official languages are spoken in South Africa. Misunderstandings during communication seems to be inevitable. The researcher or psychologist often does not speak or have full command of the language of the group that is being investigated, and therefore has to rely on interpreters to understand the internally experienced world of these persons. Trained interpreters are scarce and this study endeavours to determine the extent of the validity of translations done by the available interpreters. This is done by means of a psychological-systemic perspective.

The nature of this study is qualitative. Fifteen interviews were conducted with trauma patients at the Maxilla- and Face Surgery Department of the Garankuwa Hospital. Only eleven of these were useable. Mouth injuries etc. affected the quality of the other interviews not used. Four nurses from this department interviewed the patients and wrote up the interpreted answers on a semi-structured interview schedule made available by the researcher.

A verbatim translation of the interviews was made from the tape recordings. Units of meaning were assigned and a comparison of the interpreted and the verbatim translations were made. Three perceptual styles were used to identify how much of the meaning the interpreter included (sharpening), excluded (levelling) and changed

(assimilation) during the translation. The translation-interpretation process is analysed against the contextual background and paradigms of the participants

The results make it clear that South Africa indeed has a problem with the validity of the outputs of interpreters being used as well as the availability of interpreters and their subject-specific training.

## **HOOFSTUK 1**

### **PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLING EN AFLEIDINGS**

1.1.	INLEIDING	11
1.2.	PROBLEEMSTELLING	13
1.3.	DOELSTELLING	17
1.3.1.	Twee vertrekpunte	18
1.3.1.1.	Ekosisteemteorie	18
1.3.1.2.	Perseptuele style	21
1.4.	AFLEIDINGS	21

## **HOOFSTUK 2**

### **LITERATUUROORSIG**

2.1.	INLEIDING	23
2.2.	KULTUUR EN KOMMUNIKASIE	23
2.3.	KULTUUR EN PARADIGMA	26
2.4.	EPISTEMOLOGIE	27
2.4.1.	Alternatiewe epistemologie	29
2.4.2.	Beskrywing as deel van interaksie en navorsing	31
2.5.	PERSEPTUELE STYLE SE INVLOED OP VERTALING	35
2.6.	VERTALING EN VERSKANSTE BETEKENIS	37
2.7.	SAMEVATTING	40

## **HOOFSTUK 3**

### **METODE VAN ONDERSOEK**

3.1.	INLEIDING	42
3.2.	DIE ONDERSOEKGROEP	42
3.2.1.	Morele kwessies	42
3.2.2.	Geloofwaardigheid	43
3.3.	TOLK EN ONDERHOUDVOERDER	43
3.4.	DIE ONDERHOUD	44
3.5.	GELDIGHEID	45
3.5.1.	Wat is geldigheid? 'n Begripsomskrywing	45
3.6.	FASES VAN DATAINSAMELING	48
3.6.1.	Fase een	48
3.6.2.	Fase twee	48
3.7.	PROSES VAN DATAONTLEDING	48
3.7.1.	Fase een	48
3.7.2.	Fase twee	48
3.7.3.	Fase drie	49
3.7.4.	Fase vier	49
3.7.5.	Fase vyf	49
3.8.	RASIONAAL VAN ONTLEDINGSPROSES	49

## **HOOFSTUK 4 DATAONTLEDING**

4.1.	INLEIDING	54
4.2.	DIE BESKRYWENDE STATISTIEK	54
4.3.	ONTLEDING EN BESPREKING VAN DIE ONDERHOUDE	55
4.4.	ONDERHOUDE	57
4.4.1.	Respondent 1	57
4.4.2.	Respondent 2	62
4.4.3.	Respondent 3	65
4.4.4.	Respondent 4	68
4.4.5.	Respondent 5	73
4.4.6.	Respondent 6	76
4.4.7.	Respondent 7	80
4.4.8.	Respondent 8	85
4.4.9.	Respondent 9	90
4.4.10.	Respondent 10	94
4.4.11.	Respondent 11	98
4.5.	VERDERE OPMERKINGS	102
4.6.	SAMEVATTING	103

## **HOOFSTUK 5 GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SLOT**

5.1.	GEVOLGTREKKINGS	104
5.2.	AANBEVELINGS	106
5.2.1.	Aanbevelings na aanleiding van hierdie studie	106
5.2.2.	Aanbevelings ten opsigte van die tolk se opleiding	107
5.3.	SLOT	109

<b>BIBLIOGRAFIE</b>	110
---------------------	-----

<b>BYLAE A - VRAAGSKEDULE</b>	115
-------------------------------	-----

### **LYS VAN DIAGRAMME**

Diagram 2.1. Sirkulêre en rekursiewe verhouding tussen drie deelnemers.	28
Diagram 2.2. Verwagte verhouding tussen drie deelnemers waar geldigheid van vertalings hoog is.	34
Diagram 2.3. Verwagte verhouding tussen drie deelnemers waar geldigheid van vertalings laag is.	35



**LYS VAN TABELLE**

3.8.1. Kontekstuele agtergrond van ontledingskategorieë.	51
3.8.2. Perseptuele style wat moontlik distorsies kan veroorsaak (Devito, 1988).	52
4.2.1. Biografiese inligting	54
4.2.2. Voorkoms van distorsies in die antwoorde van die respondent soos vertaal deur die tolk	55
4.3.1. Voorkoms van moontlike redes vir gelykmaking (weglating)	56
4.3.2. Voorkoms van moontlike redes vir assimilasië	56
4.4.1. Respondent 1	57
4.4.1.1 Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	59
4.4.1.2. Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	60
4.4.1.3. Assimilasië met moontlike kontekstuele redes daarvoor	60
4.4.2. Respondent 2	62
4.4.2.1. Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	63
4.4.2.2. Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	64
4.4.2.3. Assimilasië met moontlike kontekstuele redes daarvoor	64
4.4.3. Respondent 3	65
4.4.3.1. Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	66
4.4.3.2. Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	67
4.4.3.3. Assimilasië met moontlike kontekstuele redes daarvoor	67
4.4.4. Respondent 4	68
4.4.4.1. Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	70
4.4.4.2. Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	71
4.4.4.3. Assimilasië met moontlike kontekstuele redes daarvoor	71
4.4.5. Respondent 5	73
4.4.5.1. Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	74
4.4.5.2. Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	74
4.4.5.3. Assimilasië met moontlike kontekstuele redes daarvoor	75
4.4.6. Respondent 6	76
4.4.6.1. Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	78
4.4.6.2. Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	78
4.4.6.3. Assimilasië met moontlike kontekstuele redes daarvoor	78
4.4.7. Respondent 7	80
4.4.7.1. Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	83
4.4.7.2. Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	83
4.4.7.3. Assimilasië met moontlike kontekstuele redes daarvoor	84
4.4.8. Respondent 8	85
4.4.8.1. Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	87
4.4.8.2. Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	87
4.4.8.3. Assimilasië met moontlike kontekstuele redes daarvoor	89
4.4.9. Respondent 9	90
4.4.9.1. Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	92
4.4.9.2. Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	92

4.4.9.3.	Assimilasie met moontlike kontekstuele redes daarvoor	93
4.4.10.	Respondent 10	94
4.4.10.1.	Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	96
4.4.10.2.	Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	96
4.4.10.3.	Assimilasie met moontlike kontekstuele redes daarvoor	97
4.4.11.	Respondent 11	98
4.4.11.1.	Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud	100
4.4.11.2.	Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor	100
4.4.11.3.	Assimilasie met moontlike kontekstuele redes daarvoor	101

**Sleutelterme:**

- 1) Assimilasie
- 2) Epistemologie
- 3) Geldigheid
- 4) Gelykmaking
- 5) Konteks
- 6) Paradigma
- 7) Skerpmaking
- 8) Sistemies
- 9) Tolk
- 10) Vertaling

**Keywords**

- 1) Assimilation
- 2) Epistemology
- 3) Validity
- 4) Levelling
- 5) Context
- 6) Paradigm
- 7) Sharpening
- 8) Systemic
- 9) Translator
- 10) Translation

## HOOFSTUK 1 PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLING EN AFLEIDINGS

### 1.1 INLEIDING

Die studie is kwalitatief en verkennend van aard en handel oor die geldigheid van die gebruik van tolke se vertalings in sielkundige onderhoudvoering, waar die doelwit is om inligting in te samel oor die psigiese lewe van 'n persoon. 'n Soortgelyke studie "*The invisible witness*" is deur advokaat Amanda Reichman (in Beukes, 1993) onderneem. Die resultate wat diè studie opgelewer het was met skok ontvang. In teenstelling fokus hierdie studie op die medies-psigologiese konteks.

Om die problematiek rondom tolke in Suid-Afrika te ondersoek moet die geskiedenis van vertaling en tolke van naderby bekyk word. In die verlede was net twee sogenaamde Westerse tale in Suid-Afrika, naamlik Afrikaans en Engels as amptelike tale erken (Beukes, 1993). Die resultaat was dat die ander nege Afrikatale as ondergeskik beskou was. Die situasie het ontstaan as gevolg van die elitistiese kultuur wat geheers het. Die vertaalprofessie was om hierdie rede hoofsaaklik toegespits op die vertaling van Afrikaans en Engels. In Suid-Afrika is ongeveer 48% van die bevolking Afrikaans of Engels magtig (Schuring, 1993). 'n Verdere implikasie van die beleid was die ongelyke verspreiding van tegniese; wetenskaplike; politieke; ekonomiese inligting en kennis (Beukes, 1993).

Volgens Naisbitt en Tolletson (in Beukes, 1993) word daar beraam dat tussen ses en sewe duisend wetenskaplike artikels daagliks ter wêreld gepubliseer word. Verder meen hulle dat daar in die tagtigerjare elke 5.5 jaar 'n verdubbeling van wetenskaplike en tegniese inligting was. Daar word voorsien dat daar in die toekoms, as gevolg van die voortdurende ontwikkeling van inligtingstelsels, 'n twintigmaandelikse verdubbeling van inligting sal wees. Van den Berg (1996) verwys na *After Babel* van George Steiner wat handel

oor die inligtingsontploffing, en Alvin Toffler wat meen dat die wêreld weens elektronika 'n dorp geword het.

'n Keerpunt in Suid-Afrika het plaasgevind toe nasionale eenheid en demokrasie in Suid-Afrika gevestig was. Elf landstale verkry onder dié beleid van demokrasie amptelike status. Ongeag die vooruitgang bestaan die kommunikasie- of taalprobleme voort.

Volgens Anna-Marie Beukes (1993) moet vertaaldienstelewing sy geloofwaardigheid as beroep herwin en betrek word by die heropbou en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing. Omdat "*vertalings soos alle vorme van diskoers, nooit in 'n vakuum geskied nie.*" (Beukes, 1994: 107) moet die beroep kongruent met die diepgaande makrososiale veranderinge in die land ook as 'n agent van sosiale verandering optree.

Volgens Opubor (in Gross, *et al* 1975) sou taal vanuit 'n funksionele oogpunt die uitruiling van ervaring (kommunikasie) bewerkstellig en dus die ontwikkeling van 'n nasionale integrasie bevorder. In 'n land waar die bewerkstelliging van nasionale eenheid nodig is, is suksesvolle kommunikasie noodsaaklik. Kennis oor kommunikasie en kulture is belangrik vir die voorkoming van misverstande wat juis ontstaan as gevolg van die verskeidenheid van tale en kulture in Suid-Afrika. Om kennis oor doeltreffende kommunikasie in te win word die kulturele (ekosistemiese) en perseptuele stylperspektiewe van die tolk ondersoek om vas te stel tot hoe mate dit die geldigheid van die tolk se vertaling beïnvloed.

In hierdie studie word semigestruktureerde sielkundige onderhoude met pasiënte by die Garankuwa hospitaal se Mond- en Kaaksjirurgieafdeling gevoer. Die verpleegsters van die afdeling voer die onderhoude en vervul gelyktydig die rol van die tolk en onderhoudvoerder. Die verpleegsters het 'n andersoortige opleiding as dié van die sielkundige, maar word gebruik aangesien daar juis 'n tekort is aan tolke met sielkundige opleiding. Die navorser poog om met behulp van die vertolkte onderhoude vas te

stel tot watter mate die bronboodskap verskil van die eindboodskap.

Die fokus van die studie is nie net om die verskille tussen kulture ten opsigte van taal en kommunikasie uit te wys nie, maar daar is ook implisiet in die studie die doelwit om moontlike ooreenkomste aan te toon. Soos terreg deur Machet (1996 : 61) gestel: *“One must also be wary of accepting one culture as the norm against which all others must be measured with the implication that differences are negative or a lack. There is also a bias towards finding differences rather than similarities...”*.

## 1.2. PROBLEEMSTELLING

Kruiskulturele navorsing geniet veral in die laaste twintig jaar in Suid-Afrika en ander lande groter gewildheid. Die gewildheid is moontlik 'n aanduiding van die aanvaarding van 'n verhoogde multikulturele samelewing waarin die mens hom of haar huidige bevind (Machet, 1996). Die aanvaarding is 'n gevolg van die verskuiwing vanaf 'n koloniale mentaliteit na 'n postkoloniale perspektief. Volgens Machet (1996) fokus kruiskulturele navorsing op die begrip en verhoogde wetenskaplike kennis van alle kulture en die moontlike byvoeging van verdere kennis hieroor tot die bestaande liggaam van kennis.

Talle probleme word egter binne kruiskulturele navorsing ondervind. Westerse navorsing toon dikwels 'n neiging na 'n positivistiese perspektief (Machet, 1996). Die perspektief se vertroue op empiriese data is een van die probleme (Filstead, 1979). 'n Verdere verskynsel van die positiwisme is die navorser se siening dat hy of sy losstaande is van die respondent. Die implikasie is dat die navorser die rol van waarnemer kan aanneem en sodoende ook dié van 'n onafhanklike realiteit met 'n objektiewe siening en 'n emosionele onbetrokkenheid (Smit, 1983). In teenstelling met die positivistiese perspektief is daar dié van idealisme waar die navorser se waarneming en beplanning

konteksgebonde is. Die idealistiese perspektief is een waarvolgens daar geen konteks-vrye of neutrale wetenskaplike metodes kan wees nie (Smit, 1983).

*“No two languages are ever sufficiently similar to be considered as representing the same social reality.”* (Basnett-McGuire, 1980 : 13). Interkulturele kommunikasie is nie 'n nuwe verskynsel nie en bestaan sedert die vroegste tye. Interkulturele kommunikasie vind plaas wanneer 'n boodskap wat in een kultuur ontstaan in 'n ander kultuur ontvang en verwerk moet word. (Samovar & Porter, 1991). Die tipe kommunikasie is tweeledig van aard omdat dit uit 'n kultuurbasis en 'n taalbasis bestaan. Die probleme aangaande interkulturele kommunikasie is kompleks. Die ou cliché, wat kom eerste die hoender of die eier, geld hier vir kultuur en taal. Taal en kultuur se beïnvloeding is resiprook.

Kultuurdiversiteit bemoeilik kommunikasie. Herbert (1992 :2) sluit hierby aan: *“... language simultaneously functions as a cultural resource for individuals who are engaged in a constant process of (re)negotiating individual social roles and relationships. Language diversity acts at once, then, as a social resource (in shaping social action) and as a social problem (at the level of the nation-state where linguistic diversity is often seen as a barrier to the integration of populations)”*.

Taal is volgens Edward Sapir (Basnett-McGuire, 1980) 'n weg na sosiale realiteit en *“...the worlds in which different societies live are distinct worlds, not merely the same world with different labels attached.”* (Basnett-McGuire, 1980 : 13).

Taal is die hoofwyse waarmee kulturele oortuigings, waardes, norme en wêreldsienings oorgedra word. Verder dien taal ook as meganisme vir interaksie en as *“ a guide to social reality. Language influences perceptions, transmits meaning, and helps mold patterns of thought.”* (Samovar & Porter, 1991 : 17).

Indien taal deur 'n kultuur gevorm word, behoort dit 'n dinamiese aanduiding te wees van die spreker se sosiokulturele leefwêreld. Dit is juis 'n goeie rede vir die sielkunde, wat hom bemoei met die leefwêreld van die mens en sy of haar gedrag, om verdere ag te slaan op taal en die wyse waarop dit aangewend word in kommunikasie.

In die studie gaan die navorser vanuit die aanname te werk dat die kommunikasie van die individu wel die kulturele invloed van sy of haar sosiale realiteit in 'n mindere of meerdere mate weerspieël.

Die aanname word gemaak dat taal vanuit 'n funksionele oogpunt die uitruiling van ervaring bewerkstellig (Opubor in Gross *et al*, 1975). Die vraagstuk ontstaan egter of die uitgeruilde inligting, in die geval van die vertaling deur 'n tolk, geldig is.

Die probleem waarvoor die sielkunde te staan kom is die tekort aan opgeleide tolke en veral tolke wat spesialiseer in rigtings soos byvoorbeeld die sielkunde. Die navorser word telkemale gedwing om in die praktyk gebruik te maak van onopgeleide tolke wat dikwels nie Afrikaans of Engels voldoende magtig is nie.

*“Translators , like spies, can only be employed in situations between cultures of which they have substantial personal experience;...”* (Pym in Wallmach, 1996 : 290). Die feit dat die tolk en respondent dieselfde kultuur deel is nie 'n aanduiding dat die tolk se vertaling geldig sal wees nie. Machet (1996) sluit hierby aan met sy mening dat die gebruik van vertalers dit moeilik maak om empiriese navorsing te beheer aangesien dit bykans onmoontlik is om te weet of die tolk werklik dit sê (of vra) wat van hom of haar verwag word.

In die verband verklaar Brislin dat *"the many, many ways that meaning (in its most general sense) can be conveyed through language, and the fact that we often misunderstand people we know very well and who speak the same language as ourselves, is*

*enough of a problem to occupy the careers of many researchers. And when such meaning and potential for misunderstanding must be taken into account while transferring material from one language to another, the number of seemingly unsolvable problems surely causes frustration on the part of researchers who are faced with these problems."* (Brislin, 1990 : 427).

Een van die doelwitte van die kruiskulturele sielkunde navorsing is om ondersoek in te stel na sosiokulturele vraagstukke en om te poog om etnosentrisme te vermy. Dit word uitgevoer deur die leefwêreld van die respondent op sy of haar eie terme te ondersoek. Die sielkundeonderhoud ondersteun hierdie doel deur in die respondent se leefwêreld in te beweeg deur natuurlike taal gebruik (Walker, 1985). Met die proses poog die navorser om die respondent se leefwêreld (sosiale realiteit) te begryp (Casson, 1981). Vir die doel maak die sielkundige navorser gebruik van "... *research methods [that] are plans used in the pursuit of knowledge. They are outlines of investigative journeys, laying out previously developed paths, which, if followed by researchers, are supposed to lead to valid knowledge.* Wanneer die geldige kennis waarna Polkinghorne (Valle & Halling, 1989) verwys, ondersoek word, moet daar in gedagte gehou word dat verskillende skakerings van betekenis belangrik is. Volgens Van den Berg (1996 : 1) kan 'n mens slegs in sy of haar eie taal die "*gevoelswaarde van woorde in hulle ganse belewenissamehang ken*". Machet (1996 : 62.) meen dat : "*Translations need to do more than give the general meaning of the message; they need to accurately reflect the connotational and emotive content.*". Gutinger (in Van den Berg, 1996) is van mening dat dit nie vir die vreemdetaal-spreker moontlik is om die denkbeelde te ken wat 'n inheemse spreker met 'n sekere woord verbind nie.

Dit is dus duidelik dat doeltreffende vertalings al hoe meer belangrik word (Lucas in Van den Berg, 1996).

Samovar en Porter (1991) bevestig dat selfs nadat taalprobleme oorbrug is, dit steeds moeilik is om te verstaan en verstaan te word.



Soos Van den Berg (1996 : 91) dit binne die Suid-Afrikaanse konteks stel: *“Totdat die reënboog (nasie) in die talehemel is...”* en almal nie alle tale magtig is nie sal daar ander uitweë gevind moet word. Indien Suid-Afrika uitvoering wil gee aan die Grondwet 3(1) wat voorstel dat toestande vir die gelyke gebruik en bevordering asook ontwikkeling van alle amptelike tale, geskep word, sal die dienste van tolke en vertalers benodig word. In ooreenstemming met Van den Berg (1996) is Lockett (1996 : 265) van mening dat *“if South Africa is to carry out its multilingual policy, suitably trained translators will be needed.”* Volgens Van den Berg (1996) is vertaling nie net die enigste praktiese oplossing nie maar ook ‘n verrykende proses.

Ten spyte van die toenemende aantal vertallings, van letterkundige werke in en uit die elf amptelike tale onderling, wat as ‘n positiewe (Van den Berg 1996) gesindheidsverandering gesien kan word, word daar steeds nie genoeg aandag, tyd en geld gespandeer aan die voldoende opleiding van vertalers nie. Die probleme rondom tolke en hulle vertalings word in die meeste studies wat handel oor metodologie en of menslike gedrag nie aangespreek nie. ‘n Moontlike rede hiervoor is dat taal en kommunikasie homself nie sommer leen tot wetenskaplike navorsing nie. Volgens Van den Berg (1996) behoort vertaalonderrig van groot waarde te wees omdat dit kan bydra tot ons begrip van die wyse waarop betekenisoordrag plaasvind.

### **1.3 DOELSTELLING**

Die geldigheid van die tolk se vertaling van die sielkundige onderhoud is hier onder die soeklig. Daar word gepoog om vas te stel of die boodskap se betekenis verarm, uitgebrei of verander word deur die vertalingsproses waarby die tolk betrokke is. Met ‘n meta-analise poog die navorser om terug te staan en vanuit die ekosistemiese en perseptuele styl-benadering ‘n beter begrip te kry van die dinamika wat betrokke is by die tolk se vertaalproses. Begrip van die dinamika behoort moontlik vir die navorser verdere

lig te werp op die mate van geldigheid wat betrokke is by die vertaling van die tolk.

Wallmach 1996) bevestig dat daar problematiek kan bestaan ten opsigte van inhoud en betekenisverandering van vertalings. *“Because translation traverses the boundaries between cultures by its very nature, it represents the possibility of violating an established social order by introducing new ideas, new characteristics, new ideologies into the target culture.”* (Wallmach, 1996 : 290).

Buiten verskille in taal en kultuur is daar verskeie ander elemente betrokke by die onderhoud naamlik die konteks, paradigma en perseptuele styl van die navorser, tolk en respondent. Die dinamika van hierdie elemente kan moontlik die geldigheid van die vertaling beïnvloed.

### **1.3.1. Twee Vertrekpunte**

Daar word hier deur twee lense na die proses gekyk en hopelik soos die driedimensionele blou en rooi bril wat diepte verskaf aan dit waarna gekyk word sal hier ook 'n nuwe visie ontstaan. Die vertrekpunte is die ekosistemiese en die perseptuele- styl benaderings.

#### **1.3.1.1. Ekosisteemteorie**

Die basiese optrede van die epistemologie is die skep van verskille. Die mens ken sy wêreld alleenlik deur die onderskeid van patrone (Keeney, 1983). Volgens Spencer-Brown (In Keeney,1983) is die tref van onderskeidings die uitgangspunt vir enige aksie. Die vraag wat die navorser vra word gebore vanuit sy eie epistemologie (kultuur). Die navorser se vraag word weer deur die tolk vertaal vanuit sy of haar eie epistemologie (kultuur).

Die area van interkulturele navorsing word in hierdie studie ondersoek om vas te stel waar, hoe en wanneer die onderskeidings

onderliggend aan die ontstaan van interkulturele kommunikasie getref word. Spencer en Brown (Keeney, 1983) postuleer dat dit belangrik is om terug te kyk na die oorspronklike aksies in die skep van ons wêreld (interkulturele kommunikasie). 'n Uitvloeisel van die onderskeidings wat getref word is die beskrywings daarvan. Dié beskrywings wat plaasvind word geteken op "*maps based on assumptions about the nature of reality and the processes of human understanding.*" (Valle & Halling, 1989: 41).

Die vraag is egter of dit vir die navorser moontlik is om binne die respondent se leefwêreld in te beweeg, deur taal en kommunikasie soos deur Walker (1985) voorgestel? Om 'n beter begrip van 'n lid van 'n ander kultuur te verkry moet die navorser probeer om 'n paradigmaskuif te ondergaan. Volgens Keeney (1983) is die waarnemer deel van dit wat hy of sy waarneem. In dié geval is die tolk waarskynlik ook deel van sy vertaling. Vanuit die ekosistemiese perspektief word die vraag gestel of die inligting verkry, suiwer is, aangesien dit nie eerstehands is nie en voortspruit vanuit vlakke van beskrywings deur verskeie deelnemers.

'n Voorvereiste vir wetenskaplike navorsing is objektiwiteit. Vanuit die ekosistemiese oogpunt meen Bateson (1972) dat objektiwiteit nie moontlik is nie. In 'n poging om 'n oplossing te vind vir die dilemma van oënskynlike subjektiwiteit moet die navorser poog om bewus wees van sy of haar eie voorveronderstellings en seker maak dat die persone wat saam met hom of haar aan die projek werk dieselfde voorveronderstellings deel (Bateson, 1979). Die voorveronderstellings wat in die navorser teenwoordig is, is onbewus en gevolglik moeilik om af te baken en te verander.

Die kontekste waarbinne interkulturele kommunikasie plaasvind is verder van belang aangesien dit moontlik kan verklaar waarom en hoe sekere beskrywings plaasvind. Dit is juis waarom die navorser moet poog om terug te staan en 'n nadenkende meta-analise uit te voer van die beskrywings wat binne die interkulturele

kommunikasieproses plaasvind asook die verskeie kontekste waarbinne hulle plaasvind.

### 1.3.1.2. Perseptuele style

Volgens Jacquemond is vertaling net soos enige menslike aktiwiteit wat binne 'n spesifieke sosiale en historiese konteks plaasvind *"...that informs and structures it. But in the case of translation, the operation becomes doubly complicated since, by definition, two languages and thus two cultures and two societies are involved."* (in Wallmach, 1996)

Die twee kulture en samelewings waarna Jacquemond (Wallmach, 1996) verwys impliseer twee wyses van waarneem oftewel twee perseptuele aksies. Buiten die kollektiewe persepsies van beide kulture is daar ook individuele persepsies om mee rekening te hou. Bateson voer aan dat *"...our brains make the images that we think we 'perceive'."* (Bateson, 1972:38). Die Oxford (1989) definieer persepsie as volg: *"Perception is viewed as a transformation of observation, to perceive means to comprehend with the mind to take in fully or adequately, to grasp the meaning of, comprehend, understand."* Daar is dus 'n duidelike konsensus tussen die samestellers van die Oxford (1989) en Bateson (1972) dat persepsie 'n verandering of verwerking van dit wat waargeneem word impliseer. Diè perseptuele verwerking van inligting hou moontlik vir die navorsing ernstige gevolge ten opsigte van die verkryging van akkurate en geldige kennis, in. Daarom is dit noodsaaklik om die perseptuele style van spesifiek die tolk te ondersoek, om die mate van die geldigheid van die vertaling te bepaal.

Allport, Postma (Devito, 1988) en Klein (Sarason, 1967) onderskei drie perseptuele style wat moontlik distorsies in die vertaling van interkulturele kommunikasie vertalings kan veroorsaak.

1) *Skerpmaking* (“*Sharpening*”)

Sekere dele van die inligting word ten koste van ander dele oorbeklemtoon. Vir die doeleindes van hierdie studie sal skerpmaking beskou word as ‘n styl waar meeste indien nie al die besonderhede van die oorspronklike boodskap wat waargeneem word, deur skerpmaking uitgelig en deur die tolk in die vertaalde boodskap weergegee word.

2) *Gelykmaking* (“*Levelling*”)

Die hoofmomente wat in die oorspronklike boodskap waargeneem word, word deur gelykmaking verminder, oorbeklemtoon en in sommige gevalle uitgelaat in die tolk se vertaalde weergawe. Die ingewikkeldheid van die kommunikasie word afgeskaal en vereenvoudig. Die gevolg is ‘n verskraalde en verdraaide boodskap.

3) *Assimilasie*

Assimilasie verwys na die tolk se neiging om boodskappe te verwerk in terme van sy of haar eie houdings, vooroordele, behoeftes en waardes (Devito 1988).

Die drie perseptuele style word gebruik om vas te stel hoeveel betekenseenhede deur die tolk ingesluit (skerpmaking), uitgelaat (gelykmaking) en verander (assimilasie) word.

## 1.4 AFLEIDINGS

Dit is duidelik uit die voorafgaande besprekings dat daar wel in Suid-Afrika ‘n probleem rondom die algemene beskikbaarheid van tolke asook tolke met vakspesifieke opleiding bestaan.

Talle skrywers en navorsers beskou taal en kultuur se beïnvloeding as resiprokaal en daaruit volg die aanname dat kommunikasie wel die kulturele invloed van sosiale realiteit in ‘n mindere of meerdere mate weerspieël. Taal verleen toegang tot die sosiale realiteit van die individu en word dus geïmplementeer om deur interaksie die

oordrag van kulturele oortuigings, waardes, norme en wêreldsienings te bewerkstellig. Wanneer taal binne interkulturele kommunikasie “ter sprake” kom word twee uiteindes vermoed, naamlik die van taal as sosiale hulpbron of sosiale probleem. Dit is dan ook hier waar die vraag ontstaan: Word die aanwending van taal deur die tolk bevorder of benadeel?

In ‘n poging om die vraag te beantwoord moet die navorser ‘n nadenkende meta-analise uitvoer van die beskrywings (vertalings deur tolk) wat binne interkulturele kommunikasieproses plaasvind asook die verskeie kontekste waarbinne die beskrywings plaasvind.

Persepsie impliseer dat die boodskap verwerk word en dikwels tydens die proses verander en daarom moet die navorser gedurende die meta-analise in gedagte hou dat die waarnemer deel vorm van dit wat hy of sy waarneem, en dat die tolk waarskynlik deel vorm van sy vertaling. Die navorser moet dus bewus wees van sy of haar eie voorveronderstellings asook die van die ander persone betrokke by die navorsingsproses.

In hierdie ondersoek word ‘n ontleding uitgevoer deur middel van ‘n meta-analise om die geldigheid van die tolk se vertaling vas te stel. Die vertalings-tolkingsproses word waargeneem binne die kontekstuele agtergrond, die paradigmas van die deelnemers asook die perseptuele style van die betrokke tolke.

## HOOFSTUK 2

### LITERATUUROORSIG

#### 2.1. INLEIDING

Kultuur vorm die milieu waarbinne of waarvandaan die mens kommunikeer en speel 'n sentrale rol in menslike kommunikasie.

Die term kruiskulturele navorsing impliseer volgens Machet (1996) 'n vergelykende verhouding. In die gees hiervan poog die navorser om nie net die verskille in die vertalings uit te wys nie maar ook die ooreenkomste.

#### 2.2. KULTUUR EN KOMMUNIKASIE

Kultuur word gedefinieer as 'n *"Refined understanding of the arts and other human intellectual achievement; customs and civilization of a particular time or people; improvement by care and training"* (Oxford, 1984 : 177)

Volgens Taylor en Boeyens word kultuur gevorm deurdat die *"... parents or care-givers wear spectacles having the special lenses of their culture, and fit their charges with similar lenses in the process of socializing them. Culture therefore is the lens system or medium through which conceptual 'figures' are distinguished from a 'ground'."* (Taylor & Boeyens, 1991: 1).

In aansluiting hierby beweer (Samovar & Porter ,1991:10-11) dat: *"Culture is largely responsible for the construction of our individual social realities and for our individual repertoires of communicative behaviors and meanings."*

Samovar en Porter (1991) definieer kommunikasie voorts as 'n bewuste of onbewuste nieverbale of verbale (of beide) gedrag wat die doelwit het om reaksie of respons te verkry. Die gedrag moet ook, volgens hulle, deur 'n persoon (die teiken van die gedrag) waargeneem word om as kommunikasie beskou te kan word.

Ook Oprescu (in McCormack & Wurm, 1976) is van mening dat kultuur en kommunikasie nie geskei kan word. Sapire (1996 : 1) meen dat *“issues of translation are essentially regarded as issues of communication.”* Binne die kulturele domein is kommunikasie 'n ryk bron van inligting aangesien dit spontaan met min beperkings kan plaasvind. *“The spoken language is one of the most genuine and spontaneous human manifestations; it precedes by far the emergence of the written language, it is by far more prevalent, accompanied by a whole scale of elements, nonexistent in the written language, which complete, color, blend, dissolve, or strengthen the message orally expressed.”* (Oprescu in McCormack & Wurm, 1976 : 349).

Elke kultuur poog om aan sy lede 'n universum van diskoers te gee waarmee belewenisse geïnterpreteer, en aan ander oorgedra kan word (Samovar & Porter 1991). Poyatos (1993 : 313) meen dat: *“... cultures, we must agree, are still different worlds in themselves, both physically and intellectually.”* Samovar en Porter (1991 : 14) voer die argument verder deur hulle stelling dat kulture verskil en gevolglik die kommunikasiepraktyke en -gedrag van die individue van die kultuur ook sal verskil.

In die Suid-Afrikaanse situasie het die Westerse en Afrikakulture afsonderlik ontwikkel as gevolg van die kultuurelitistiese beleid wat aan die orde van die dag was. Daar kan aangevoer word dat *“cultural similarity in perception makes the sharing of meaning possible. The ways in which we communicate, the circumstances of our communication, the language and language style we use, and our nonverbal behaviors are primarily all a response to and a function of our culture.”* (Samovar & Porter, 1991:14).

Sentraal volgens Goddard (in Bamberg, 1997) is die aanname dat enige interpretasie van die woorde van 'n vreemde taal gestrem word deur vorige begrip van die woorde in die vertaler se eie taal.



Elke individuele mens is uniek; dit geld ook vir die wyse van kommunikasie (Oprescu, 1976). Aangesien daar geen universum in die navorsing is, wat as basis kan dien vir outomatiese begrip nie, is dit nodig om elke vreemdetaalspreker van 'n ander kultuur as 'n individuele geval te hanteer (Barna, 1983). Om die betekenis en konteks wat implisiet vervat is in die inligting wat die respondent verskaf, eksplisiet te maak, moet die navorser beskik oor die vermoë om te kan luister en waarneem. Die seine en boodskappe moet ontvang en ontsyfer word (Oprescu, 1976).

Die navorser moet objektief en oop wees vir die inligting wat die data oplewer. *"...the [researcher] cannot stop at knowing that the people he (or she) is working with have different customs, goals, and thought patterns from his (or her) own. He (or she) must be able to feel his (or her) way into intimate contact with these alien values, attitudes, and feelings. He (or she) must be able to work with them and within them, neither losing his (or her) own values in the confrontation nor protecting himself (or herself) behind a wall of intellectual detachment."* (Barna, 1983 : 331).

Samovar en Porter (1991) is van mening dat die bestudering en begrip van interkulturele kommunikasie 'n vermindering en selfs 'n uitskakeling van die onderskeie kommunikasierepertoires (wat betekenisvol van kultuur tot kultuur verskil) tot gevolg kan hê. In die poging om die problematiek uit te skakel of te verminder benodig die mens volgens Poyatos (1993:313) "linguistic fluency" en "cultural fluency". Poyatos(1993) stel die volgende stappe voor om kulturele vlotheid te verwerf . Ons moet:

- 1) Die kultuur met 'n hoë graad van akkuraatheid analiseer.
- 2) Besluit wat universeel is en wat kultuurgebonde is.
- 3) Bogenoemde met ons eie kultuur kontrasteer.
- 4) Besluit watter tipe waarneming- of akkulturasieproses ons wil deurgaen.
- 5) Watter tipe kommunikasie ons verlang.

- 6) Hoe diep ons die kultuur wil ondersoek. (Bv net algemene style en so meer).

Poyatos (1993) se stappe, soos hierbo uiteengesit is tydsaam van aard en dikwels as gevolg van die tydspeberkinge van navorsing ontoeganklik vir die navorsers. As verdere oplossing vir die problematiek rondom die begrip van interkulturele kommunikasie, stel Goddard (in Bamberg, 1997) voor dat kultuurspesifieke betekenise vertaal moet word na kultuurvrye konsepte. Kritiek hierteen is dat die kultuurvrye woorde juis inmeng met 'n beter begrip van kulturele praktyke. Daar bestaan ook twyfel oor hoe daar besluit word watter kultuurvrye woorde ooreenstem met watter kultuurspesifieke woorde. Die kultuurvrye woordeskatinventaris kan dus onmoontlik empiries onafhanklik opgestel word. Die navorsers poog daarom om 'n verhoogde begrip van kulturele kommunikasie te bereik deur die linguïstiese vaardighede en hopelik kulturele vlotheid van die tolk te implementeer as tussenganger in die interkulturele kommunikasieproses

Bamberg (1997) is van mening dat etnosentrisme alleenlik vermy kan word deur nadenkend op te tree. Dit is hier waar die sisteemteorie ter sprake kom. Elke mens het sy of haar kultuur en dus wyse om na die wêreld te kyk. Dië eie realiteit kan ook beskryf word as 'n paradigma.

### **2.3. KULTUUR EN PARADIGMA**

'n Paradigma word gedefinieer as 'n *"...representation of reality, and how this reality can be examined... a thought-framework within which questions about human nature can be posed and answered"* (Jordaan & Jordaan, 1984 : 35).

Beide kultuur en paradigma word gesien as 'n realiteitsbesef, -bewustheid of -voorstelling. Daarom is dit moontlik om in 'n diskoers die woord kultuur met die woord paradigma te vervang. Die gevolg hiervan is dat die beskrywing van die navorsingsproses

waar drie lede naamlik die tolk, respondent en navorser betrokke is verander na een waar drie verskillende paradigmas betrokke is.

*"Adequate descriptions of the social world, unlike those of the natural world, necessitate the researcher 'getting inside' the objects of his study so that he understands and knows them as subjects. This is facilitated by the fact that the researcher is himself a social being and is likely to share some of the social meanings of those he is studying and will have directly experienced analogous motives, reactions, emotions and feelings of his own."* (Walker, 1985 : 12).

Die doelwit van diè navorsingsproses is die bestudering van een paradigma vanuit 'n ander.

Hieruit vloei verskeie vraagstukke:

- 1) Is dit moontlik vir die navorser om in sy respondent se leefwêreld in te beweeg?
- 2) Wat is 'n voldoende beskrywing? In diè geval wat is 'n goeie vertaling?
- 3) Is dit moontlik om ekstern te beskryf sonder om self deel van die beskrywing te wees?

Die inbeweeg in 'n ander se leefwêreld verg 'n paradigma-verskuiwing. So verskuiwing is nodig om so akkurate beskrywing moontlik van die respondent se leefwêreld te verskaf. Die epistemologie kom hier ter sprake.

#### **2.4. EPISTEMOLOGIE.**

Volgens Gouws, Louw, Meyer & Plug (1982) is epistemologie 'n afdeling van die filosofie wat die oorsprong, aard en grense van kennis bestudeer.


Epistemologie poog om te spesifiseer hoe organismes weet, dink en besluite neem (Bateson, 1979). Die mens se epistemologie is dikwels onbewus maar dit bestaan wel. In hierdie geval is die doel van epistemologie juis om vir die navorser 'n beter begrip te gee

van die navorsingsproses waarin hy homself bevind as deelnemende lid (Keeney, 1983).

Machet (1996) is van mening dat almal uit 'n spesifieke kultuur stam en dat diè kultuur of paradigma sy of haar denke en verwysingsraamwerk bepaal en beïnvloed. Die verwysingsraamwerk (paradigma) se grondslag onderliggend aan gedrags- en waarnemingspatrone moet eksplisiet en verstaanbaar gemaak word.

Volgens Keeney (1983) behoort die navorser hom of haarself blootstel aan 'n paradigmaverskuiwing om sodoende die wêreld vanuit 'n nuwe oogpunt waar te neem. Die navorser verander so die wyse waarop hy of sy die wêreld ervaar. Hy of sy ontwikkel 'n perspektief waarby beide die oënskynlike teenoorgesteldes (nl teorie en praktyk) insluit is. Die navorser besef met behulp van diè siening dat die deelnemers van die navorsingsproses, insluitend hy- of syself en die konteks van die kommunikasie, 'n sirkulêre en rekursiewe invloed op die navorsingsproses het. Wanneer die navorser tot diè besef gekom het, is hy of sy reg vir 'n alternatiewe epistemologie.

**Diagram 2.1. – Sirkulêre en rekursiewe verhouding tussen drie deelnemers**



Binne hierdie alternatiewe epistemologie is die konteks en dinamika rondom interkulturele kommunikasie belangrik. Konteks word op die volgende wyses gedefinieer:

**Oxford (1989)**

*“a connection, connected structure, or a weaving together”* meer spesifiek is ‘n konteks die *“connotation or coherence between the parts of a discourse”*.

**Stauss en Corbin (1990 :96)**

*Hulle definieer konteks as “ a specific set of properties that pertain to a phenomenon”*. ‘n Konteks is dus ‘n voorstelling van die spesifieke stel omstandighede of toestande waarbinne ‘n aksie of interaksionele strategie plaasvind.

**2.4.1 Alternatiewe epistemologie**

*“To view an alternative world requires being in that world. Thus the most this text can do is describe various paths for encountering an alternative epistemology and then warn of the possibility that each of these paths may be twisted and distorted by the world view of which one is already part .”* (Keeney, 1983 : 15).

Die basiese optrede van die epistemologie is die skep van verskille. Die mens ken sy wêreld alleenlik deur die onderskeid van patrone (Keeney, 1983). Volgens Spencer-Brown (In Keeney,1983) is die tref van onderskeidings die uitgangspunt vir enige aksie.

Volgens Keeney (1983) is daar twee vorme van epistemologie naamlik die liniêre en sirkulêre. Die sirkulêre beklemtoon, in teenstelling met die liniêre, die ekologie, verhoudings en sisteme as geheelentiteite. Hierdie tipe epistemologie is ingestel op twee interverbandhoudende aspekte naamlik kompleksiteit en konteks. Die navorser kan besluit of hy of sy vanuit 'n liniêre of sirkulêre epistemologie te werk wil gaan. ‘n Alternatiewe epistemologie impliseer die verandering van gewoontelike waarnemings en denke.

Keeney (1983) meen dat epistemologie op 'n tweeledige wyse toegepas kan word naamlik:

- 1) Om aan te dui op *watter wyse* die individu dink, waarneem en besluite neem.
- 2) *Waaroor* die individu dink, waarneem en besluit neem.

In aansluiting hiermee meen Keeney (1983) dat diè twee onskeibare epistemologiese funksies van onderskeid tref deur alle mense gedeel word. Die waarneming grondliggend aan onderskeid tref (die vertaling), word moontlik deur die waarnemer (die tolk) se eie paradigma of kultuur beïnvloed.

Om die gebied van interkulturele navorsing te begryp moet die navorser oplet hoe dit saamgestel is. Dit beteken dat die onderskeidinge onderliggend aan die ontstaan van interkulturele kommunikasie verder ondersoek moet word. Spencer en Brown (Keeney, 1983) postuleer dat dit belangrik is om terug te kyk na die oorspronklike aksies in die skep van ons wêreld (interkulturele kommunikasie) asook na hoe dit huidiglik daar uitsien.

Wanneer die mens onderskeid tref laat dit hom of haar met 'n uitgebreide, veranderde wêreld wat weer eens ondersoek moet word. Spencer en Brown (Keeney, 1983) beskryf dit as die hond wat sy eie stert jaag. Volgens Keeney (1983) het die kliënt 'n invloed op die terapeut sowel as die omgekeerde. Die studie bemoei hom met die wedersydse invloed tussen die tolk en respondent. Die optrede van beide is sirkulêr en rekursief saamgestel. Die gedrag kan gelyktydig as die oorsaak en gevolg beskryf word. Die beskrywer is volgens hulle in die beskrywing, die waarnemer in die waarneming. Indien die aanname toegepas word op die verhouding tussen die tolk en vertaling is dit moontlik om te beweer dat die tolk in die vertaling is en die navorser in die navorsing? Indien wel, dan bestaan daar 'n duidelike behoefte aan 'n meta-analise van die paradigmas (epistemologieë) of kulture wat betrokke is in die vertalingsproses.

In die proses waar die onderskeidinge, wat interkulturele kommunikasie spesifiseer, ondersoek word, word die navorser genoodsaak om sy of haar eie epistemologiese "tassers/ voelers" te ondersoek.

Vir 'n meta-analise, waar die navorser poog om die epistemologie van ander en veral sy of haar eie te verstaan, behoort daar vanuit 'n hoë-orde epistemologie te werk gaan. Die navorser moet ondersoek instel na die onderskeidinge wat hy of sy self en ander oor hulle wêreld tref. In die proses stel Keeney (1983) drie basiese wyses vir die tref van onderskeidings voor:

- 1) Daar word *primêre onderskeid* getref. Die onderskeiding word gebruik om die navorser se onverwerkte data saam te stel.
- 2) Onderskeidings word getref wat die *onverwerkte data organiseer*.
- 3) Wanneer die navorser sy onderskeidinge getref het en *patrone* gevind het, staan hy of sy terug en ondersoek sy werk. Die navorser hersien sy of haar voorafgaande wyses van onderskeidinge tref en besef dat daar ook ander wyses is om die data te onderskei, asook dat ander patrone van dataverbinding moontlik is.

Onderskeidinge op verskillende vlakke vind plaas en is sirkulêr en rekursief van aard. Diè tref van onderskeidinge is onderliggend aan die skep van 'n epistemologie. In die proses hersirkuleer die navorser se kennis gedurig en word hernu en aangepas sodat nuwe wyses van optrede gevind kan word.

#### **2.4.2 Beskrywing as deel van interaksie en navorsing**

Die tref van onderskeidinge is die beginpunt van enige aksie, besluitneming, persepsie, denke, beskrywing, teorie en vorming van 'n epistemologie. Samovar en Porter (1991:14) sluit hierby aan met " *perception* [onderskeidings] *In its simplest sense, is the*

*internal process by which we select, evaluate, and organize stimuli from the external environment."*

Elke waarnemer beskik oor 'n unieke wyse van punktuasie waarmee hy of sy die wêreld vanuit 'n eie raamwerk waarneem (Keeney, 1983). In ooreenstemming hiermee meen Bateson (1972) dat objektiwiteit nie moontlik is nie.

Die onuitputbare aantal wyses waarop die wêreld waargeneem kan word is afhanklik van die onderskeidings wat 'n persoon tref. Om enige universum van verskynsels te verstaan moet daar begin word deur te kyk na die onderskeidings wat onderliggend is aan die skep daarvan.

Om beskrywing (die tolk se optrede van vertaling) beter te verstaan is dit nodig om te besef dat die proses van beskrywing (vertaling) self verandering in die beskrywing (vertaling) meebring. Enige onderskeid wat getref word laat die waarnemer met 'n veranderde uitgebreide wêreld wat weer ondersoek noodsaak. Die mens tref onderskeid in die waarnemingsproses en tref dan weer onderskeid om te beskryf wat waargeneem word. Die rekursiewe proses van onderskeid op onderskeid dui op die wêreld van kubernetika, waar aksie, persepsie, beskrywing, konstruksie en voorstelling ineen-gestrengeel is. In die waarneming van die wêreld word 'n ekologie van idees opgebou deur 'n rekursiewe patroon van onderskeid op onderskeid. Die waarnemer skep sy eie grense vir onderskeid.

Die hoër orde van metapunktuasie of meta-epistemologie beteken om teorieë oor teorieë te hê of beskrywings van beskrywings. Die metavlakke betrek verskille in logiese verwysingsraamwerke. Om te onderskei tussen 'n sisteem en 'n subsisteem impliseer verskillende ordes van begreping. Die waarnemer neem altyd deel in dit wat hy waarneem. Die beskrywer is deel van dit wat hy beskryf. Soos die slang Ouroboros wat sy eie stert insluk en deur homself gaan, vind 'n proses plaas waar onderskeid op onderskeid op onderskeid getref word (Keeney, 1983).



Volgens Bateson (1979 : 20) [The] *"Mind is empty; it is no-thing. It exists only in its ideas; and these again are no-things. Only ideas are immanent, embodied in their examples. And the examples are, no-things. The claw as an example, is not the 'Ding an sich'; it is precisely not the 'thing in itself'. Rather, it is what mind makes of it, namely, an example of something or other."*

Bateson (1979) meen dat die waarnemer opgelei is om te dink aan patrone as iets staties wat net op sekere vaste wyses beskryf kan word. Bateson (1979) vergelyk 'n patroon met 'n dans 'n Dans-repertoire het interaksionerende dele, fisiese beperkinge asook beperkinge wat deur die danser se kenmerke opgehef word. Die beskrywing kan ook op drie vlakke plaasvind (Keeney, 1983):

- 'n eenvoudige aksievlak;
- interaksionele en
- choreografiese vlakke.


Binne die interkulturele kommunikasieprosese puntueer beide deelnemers verskeie aspekte tydens die vloeï van die kommunikasie. Die interkulturele kommunikasieproses kan beskou word as 'n sisteem. Die kommunikasieproses bestaan uit patrone en om na oomblikke te kyk is volgens Keeney (1983) *"snapshots over time"*. 'n Holistiese beskrywing van die kommunikasiesisteem benodig 'n tweeledige beskrywing van die kommunikasie. Dit word duidelik tydens die ontleding van dië tweeledige beskrywing word dat die dele van die patroon van die kommunikasieproses respektiewelik in beide van die deelnemers geleë is. Die tweeledige beskrywing van die interkulturele kommunikasie behoort meer akkuraat te wees as 'n beskrywing wat eensydig toegespits is op een deelnemer van die kommunikasie.

Met interkulturele kommunikasie poog die navorser of sielkundige om met die hulp van 'n tolk te verseker dat hy of sy dieselfde wêreld van betekenis deel as die respondent. As gevolg van die mensspesifiekheid van beskrywing en waarneming is dit nodig om

vas te stel tot watter mate die tolk se vertaling geldig is. Om die mate van geldigheid te bepaal is 'n meta-analise van die interkulturele kommunikasie nodig.


Diagramme wat die dinamika van die interkulturele kommunikasie tussen die drie deelnemers (tolk, navorser en respondent) uitbeeld sal verdere lig werp op die dinamika van die proses.

**Diagram 2.2. - Verwagte verhouding tussen drie deelnemers waar geldigheid van vertalings hoog is.**



Wanneer twee mense vanuit dieselfde kultuur en taalbegrip kommunikeer, word daar verwag dat hulle tot 'n groot mate dieselfde sosiale realiteit (paradigma) sal deel. Die afleiding wat logies hierop volg, is dat die inligting wat deur die tolk in die vertaling weergegee word oor 'n groot mate van geldigheid behoort te beskik.

**Diagram 2.3. – Verwagte verhouding tussen drie deelnemers waar geldigheid van vertalings laag is**



Die teendeel van die situasie soos geskets in diagram 2.2. word hier uitgebeeld. Die oorvleueling tussen die leefwêreld van die tolk en respondent word as kleiner beskou. Die moontlike aanname wat hieruit kan volg is dat die geldigheid van die tolk se vertaling laag kan wees.

## **2.5. PERSEPTUELE STYLE SE INVLOED OP VERTALING**

Volgens Samovar en Porter (1991) kan die inhoud van die oorspronklike boodskap gedurende die interpretasie- of vertolkingsfase verander. Die redes wat hulle hiervoor aanvoer is dat die vertaler of tolk se kultuur, sosiale realiteit en perseptuele styl hom of haar lei om die betekenis van die boodskap verskillend te interpreteer as wat die sender dit beoog het.

*"[People]...are active in assigning meaning to sensation. What any event acquires in the way of meaning appears to reflect a transaction between what is there to be seen or heard, and what the interpreter brings to it in the way of past experience and prevailing motive. Thus the attribution of meanings is always a creative process by which the raw data of sensation are transformed to fit the aims of the observer." (Samovar & Porter, 1991 : 25).*

Die waarheid soos Savoury (in Van den Berg, 1996 : 92) postuleer, is dat daar geen “...*universally accepted principles of translation...*” is nie. Die doel van vertaling is volgens Popovic (in Basnett & McGuire, 1980) om sekere intellektuele en estetiese waardes van een taal na ‘n ander oor te dra.

Die toekenning van betekenis waarna Samovar, Porter (1991) en Popovic (in Basnett & McGuire, 1980) verwys, dui op die invloed van perseptuele style en die distorsies wat hulle tot gevolg het. Die distorsies se invloed behoort hier in berekening gebring word aangesien dit lig sal werp op hoe die betekenis van die boodskap verander gedurende die vertalingsproses.

Klein (Sarason, 1967) onderskei twee tipes perseptuele style naamlik gelykmakend (“*leveling*”) en skerpmakend (“*sharpening*”). “The work of Klein has led to the suggestion that there are at least two types of perceptual style, leveling and sharpening. Levelers are individuals who have relatively great difficulty in solving problems involving fine discriminations and estimations. Sharpeners on the other hand, do relatively well on problems that require careful attention to detail. According to Klein, sharpeners seem more able than levelers to attend closely to stimulus boundaries. Levelers appear to perform better than sharpeners on tasks requiring the subject to disregard or ignore irrelevant stimuli.” (Sarason, 1967: 273).

Verder verwys Allport en Postman (Devito, 1988) na die perseptuele style as distorsies wat met effektiewe en voldoende kommunikasie kan inmeng; naamlik gelykmaking (“*leveling*”), skerpmaking (“*sharpening*”) en assimilasië

In ooreenstemming met Sarason (1967) meen Allport en Postman (Devito, 1988) dat gelykmakers individueel is wat probleemoplossing op ‘n oorsigtelike wyse benader. Die ingewikkeldheid van die oorspronklike kommunikasie word afgeskaal en vereenvoudig deur

die weglating van inligting. Die individue ondervind dikwels probleme met situasies wat fyn diskriminasie verg. Verskerpers tree weer effektief op in probleemoplossing wat aandag op detail verg. Daar is take wat onderskeidelik kan baat by beide die perseptuele style.

Devito (1988) voeg 'n verdere perseptuele styl by, naamlik assimilasië. Die styl verwys na die individu se neiging om inligting te verwerk in terme van sy of haar eie houdings, vooroordele, behoeftes en waardes (Devito 1988).

*"As in all semiotic processes, translation has its pragmatic dimension as well. Translation theory tends to be normative, to instruct translators on the OPTIMAL solution; actual translation work, however, is pragmatic; the translator resolves for that one of the possible solutions which promises a maximum of effect with a minimum of effort."* (Bassnett-McGuire, 1980 : 263). Omrede vertalings se eindboodskap 'n optimale verteenwoordiging van die oorspronklike bron behoort te wees, benodig die vertalingsproses eerder verskerpers as gelykmakers.

## **2.6. VERTALING EN VERSKANSTE BETEKENIS**

Die aanname in hierdie studie is dat daar 'n mate van inligting is wat verlore gaan in die vertaling van die persoon se vertelling (in 'n Afrikataal). Die inligting wat verlore gaan bevat ook moontlik simboliek, rituele en tradisionele betekenisse wat lig kan werp op die sosiale en kulturele leefwêreld van die respondent.

*[The] "Ritual domain in the African context always provides ritual action and substance for empirical research on folklore and other forms of oral tradition. It is presumably common knowledge that the initial purpose of interpreting rituals has been to establish exactly what is real about the phenomena in order to enhance the general appreciation of the ritual microcosm."* (Sekhukhune, 1988 : 325)

Dit is moontlik om 'n vreemde taal vlot te praat maar onbewus te wees van die wyses van denke, optredes en gesprek, wat deel is en as vanselfsprekend aanvaar word in kommunikasie (Knapp & Knapp-Pothoff, 1987).

Die rituele is 'n samekoms tussen die konkrete en niekonkrete in die form van esoteriese rituele asook spraak. Taal (soos reeds bespreek) is een van die aspekte wat tot op hede min aandag geniet het. Daar is in verskeie Afrikatale 'n verhouding tussen die idiomatiese aard van die taal, rituele spraak en rituele simboliek. Sekhukhune (1988) maak dit duidelik in die volgende voorbeelde:

Die frases in Noord-Sotho is elkeen letterlik vertaal om die waarde daarvan as bron van kommunikasie en betekenis te wys.

*"o ka lephekong"*

**Letterlike vertaling :** *"He is on the other side of the charmed stick."*

**Betekenis :** *"That is, he is kept secluded."*  
(Sekhukhune, 1988 : 328).

*"O se ke wa goelesa bosego gobane baloi ba tla go tsea lentsu"*

**Letterlike vertaling :** *"Do not call at the top of your voice in the night lest the witches get hold of your voice."*

**Betekenis :** *"That is it is improper to make noise at night."* (Sekhukhune, 1988 : 332).

Die jong kinders moet vir veiligheidsredes nie in die aand raas nie. Tradisioneel sou dit hulle beskerm teen aanvalle van ander stamme.

*"O se ke wa supa lebitla ka monwana gobane o tla koropana"*

**Letterlike vertaling :** *"Do not point a finger at a grave lest your finger will shrivel."*

**Betekenis :** *"That is give the dead the respect they deserve at all times."*  
(Sekhukhune, 1988 : 332).

Die algemene geloof in die Noord-Sotho kultuur is dat die geeste van die dooies onsterflik is en dat hulle altyd saam met die lewendes sal wees. Die jeug word op die manier geleer dat die graf heilig is en ten alle tye gerespekteer moet word.

*"O se ke wa ora mollo o o furaletse gobane o ka mela mosela"*

**Letterlike vertaling :** *"Do not sit by the fireside with your back lest you grow an animal tail."*

**Betekenis :** *"That is, if one sits by the fireside with one's back facing the fire, the likelihood of burning oneself remains with one."* (Sekhukhune, 1988:332).

Die kinders glo dit en dan is hulle minder geneig om hulle self te brand.

*" O se ke wa taboga: mollo o tla rota madi."*

**Letterlike vertaling :** *"Do not jump into the fire lest you urinate blood."*

**Betekenis :** *"That is, do not run the risk of jumping over the fire as you may fall into it."* (Sekhukhune, 1988 :322).

*"O se ke wa hlapologa tseleng gobane baloi ba tla go tea dihlotlo".*

**Letterlike vertaling :** *"Do not urinate in the road lest you will be enchanted."*

**Betekenis :** *"That is, observe public decency."*  
(Sekhukhune, 1988 : 328).

Sekhukhune (1988) se ontledings dui aan dat die rituele simbool wel sosiokultureel van toepassing is op die idiomatiese betekenis van Noord-Sotho se rituele spraak. Die voorbeelde is 'n aanduiding van die rykheid van inligting wat Afrikatale besit. Taal is dus 'n bron of toegang tot die rykheid van inligting, en kan die onderhoudvoerder se begrip vir die subjek se sosiale realiteit bevorder.

## 2.7. SAMEVATTING

Elke kultuur besit 'n eie taal of dialek en die tale verskil. Dit veroorsaak dat die gedeelde betekenis (tussen lede van verskillende kulture) problematies is. As gevolg hiervan word tolke in die kommunikasieproses benodig. Die geldigheid van die gebruik van tolke word bevraagteken op grond van inligting wat moontlik verlore raak gedurende die vertaalproses.

'n Groot mate van oorvleueling (Kyk diagram 2.4.3.1) tussen die tolk, respondent en navorser se gedeelde betekenis is wenslik. Indien dit wel die geval sou wees, sou die geldigheid van die tolk se vertalings as hoog beskou word.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat verskeie elemente die verwagting beïnvloed. Naamlik:

- Onderskeie kulture se rolle ten opsigte van kommunikasie
- Uiteenlopende persepsies en perseptuele style.
- Verskille tussen paradigmas/ epistemologieë van die deelnemers

Kultuur beïnvloed kommunikasie. Lede van dieselfde kultuur wat kommunikeer ondervind dikwels probleme om mekaar te verstaan. Die probleem verhoog wanneer mense van verskillende kulture (en moontlik verskillende tale) poog om te kommunikeer.



Elke mens besit 'n paradigma en manier om sy of haar eie realiteit te beskryf. Diè paradigma of epistemologie is dikwels onbewus (outomaties). Wanneer die respondent sy of haar eie leefwêreld beskryf, word dit gevolglik deur die tolk aan die navorser herbeskryf en die proses word herhaal deur die navorser in die vorm van navorsingsresultate. Eersterangse onverwerkte data word dan tweede of derderangse beskrywings. Die gevaar inherent aan die proses is juis die verandering van die boodskap tot so mate dat dit nie meer die kognitiewe en emotiewe inhoud van die oorspronklike boodskap bevat nie.

Verder is daar die kwessie van perseptuele style. Soos reeds vroeër in die hoofstuk bespreek, impliseer persepsie 'n interpretasie en toekening van betekenis. Die gevolge van die persepsieproses is dikwels 'n verandering van die boodskap se inhoud. Die verandering kan op verskeie maniere plaasvind afhangend van die perseptuele styl (naamlik: skerpmakend en gelykmakend) van die waarnemer.

Die navorser kan die invloede van al die elemente (paradigmas, perseptuele style en konteks) benader en ondersoek deur 'n meta-analise van die kommunikasieproses uit te voer, en sodoende die positiewe of negatiewe rol wat die elemente in die mate van geldigheid speel vas te stel. Deur die meta-analise moet die motiewe van alle deelnemers van die navorsingsproses duidelik gemaak word insluitende die van die navorser.

## **HOOFSTUK 3**

### **METODE VAN ONDERSOEK**

#### **3.1. INLEIDING**

In hierdie hoofstuk word 'n beskrywing gegee van die ondersoekgroep, onderhoud en metode van ontleding

#### **3.2. DIE ONDERSOEKGROEP**

Vir die doel van hierdie studie is traumapatiënte by die Garankuwa Hospitaal se Mond- en Kaaksjirurgieafdeling geselekteer. Die traumapatiënte bestaan uit individue wat byvoorbeeld slagoffers was van geweld deur vriende, familie en in sommige gevalle vreemdelinge. Van die pasiënte was betrokke in motorongelukke en ander het weer infeksies van een of ander aard gehad. Die pasiënte is geselekteer volgens beskikbaarheid. Traumapatiënte word gebruik omrede hulle traumatiese situasies beleef het wat hulle geskik maak vir sielkundige onderhoude. Die pasiënte se ouderdomme wissel vanaf 19 tot 54 jaar. Daar was nie doelbewus tussen mans en vrouens geselekteer nie. Daar is wel drie mans en agt vrouens in die ondersoekgroep.

As gevolg van die kwalitatiewe aard van die ondersoek is daar aanvanklik vyftien onderhoude gevoer maar as gevolg van die aard van beserings in die gesig- en kaakarea van die pasiënte, was vier van die onderhoude te onduidelik vir die bandopnames en dus onbruikbaar.

### 3.2.1. Morele kwessies

In navorsing is dit dikwels moeilik om toegang te verkry tot sekere groepe van die gemeenskap. Om die toegang te verkry moet die navorser bewys lewer dat sy of haar studie geloofwaardig is en aan alle etiese en morele standaarde voldoen.

Die navorsing is so saamgestel dat die respondent op geen manier benadeel word nie. Die pasiënte het die onderhoude gesien as deel van navraag oor hulle vordering. In sommige gevalle het dit as 'n terapisessie tot voordeel van die pasiënt gedien. Die pasiënte het dikwels die kans benut om inligting by die verpleegster oor hulle toestand te verkry.

### 3.2.2. Geloofwaardigheid

Geloofwaardigheid van enige navorsing is nodig, daarsonder is die respondente teensinig om deel te neem aan die navorsing. Om geloofwaardigheid te verkry moet daar bewys word dat die studie nie alleenlik voordele vir die navorser inhou nie maar ook vir die deelnemers (Machet, 1996).

Die voordele vir die deelnemers is dat:

- Toegang tot die resultate sal na die afloop van die studie beskikbaar gestel word aan die Mond- en Kaaksjirurgieafdeling.
- Daar is aan die verpleegsters en pasiënte verduidelik dat die navorsing se doel was om die pasiënte beter te verstaan en meer effektief in die toekoms te kan kommunikeer.
- Die verpleegsters (onderhoudvoerder en tolk) het finansiële vergoeding ontvang uit die navorsingsfondse.

### 3.3. TOLK EN ONDERHOUDVOERDER

*"The language of dictionaries is often not the language as spoken by people and even the language of translators sometimes does not effect this interface successfully. A good first rule to observe here is to use translators who have a good knowledge of the*

*language as used by the prospective respondents.*" (Sechrest et al, 1972 : 34).

Vier verpleegsters is gebruik om die onderhoude te voer en te vertaal. Hulle is gekies vanweë hulle meertaligheid. Verder is hulle vertrouwd met die pasiënte en gewoond daaraan om diagnostiese onderhoude te voer.

### **3.4. DIE ONDERHOUD**

Die semigestruktureerde onderhoud bestaan uit verskeie dele. Eerstens bevat dit 'n kort verduideliking van die doel van die studie en versekering van anonimiteit. Verder is daar vrae oor die biografiese inligting van die pasiënt. Die inligting sluit in die ouderdom, geslag, beroep, huwelikstatus en aantal afhanklikes. Daar is nege oop vrae (Kyk Bylae A) wat handel oor die aard van die beserings, die oorsake en mediese behandeling van die beserings of infeksies. Verdere vrae oor die algemene gelukkigheid of ongelukkigheid asook aspekte wat die pasiënt graag in sy of haar lewe wil verander is ingesluit.

Die onderhoudvoerder vertaal die vrae na die spreektaal van die pasiënt (Tswana, Noord-Sotho, Zulu ens.) Die pasiënt beantwoord dan die vraag in sy of haar eie taal, waarna die onderhoudvoerder die antwoord in Engels vertaal en aanteken. Die onderhoud word op band opgeneem sodat die verpleegster se vertaling later met 'n verifiërende vertaling vergelyk kan word. Die vertaling was deur 'n vertaler van UNISA behartig.

Buiten die vraagstuk oor die geldigheid van vertalings behoort die navorser te onthou dat die onderhoud ook elemente bevat wat die geldigheid van die data kan beïnvloed. Die elemente word hier net kortliks genoem.

Aspekte wat die geldigheid van die onderhoud kan beïnvloed:  
(Bailey, 1987 )

- a) Die gestruktureerdheid van die onderhoud en minder gestandaardiseerde vrae.
- b) Die onderhoudvoerder se unieke verhouding met die respondent. Hier is die geslag, etniese groep, status, ouderdom, gesag en verwagtinge van die respondent en onderhoudvoerder ter sprake.
- c) Die vooroordeel (bias) en opleiding van die onderhoudvoerder.
- d) Die onderhoudsituasie: die moegheid en konsentrasie van die respondent en onderhoudvoerder.
- e) Taalvaardighede van die deelnemers.
- f) Gebrek aan anonimiteit.

### **3.5 GELDIGHEID**

Die tolk se vertaling is nie sonder meer geskik vir begrip van die realiteit of leefwêreld van die respondent nie. Alvorens dit vir die doel gebruik kan word behoort die geldigheid van die vertaling nagegaan te word. Noukeurige begrip is slegs moontlik indien die vertaling aan sekere vereistes voldoen. Die vertaling behoort so akkuraat moontlik te wees in die oordrag van inligting en betekenis.

In psigometriese toetsing kan die toets gestandaardiseer word, objektief wees, hertoets word en so meer, maar hoe benader die navorser 'n sielkundige onderhoud en die vertaling daarvan? Wallmach (1996) verwys na “summit-level” vergaderings waar daar van twee tolke gebruik gemaak word. In die “summit-level” vergaderings is twee tolke (een van elke betrokke land) verteenwoordig en hulle verifiëer dan mekaar se vertalings. Wallmach verwys na die getrouheid van vertalings. Die getrouheid kan ook dien as die geldigheid. Vervolgens word geldigheid van nader beskou.

### 3.5.1. Wat is geldigheid? 'n Begripsomskrywing

Geldigheid word op verskillende wyses deur die volgende skrywers gedefinieer:

#### **Huysamen C.K. (1980 : 71)**

*" Die geldigheid van 'n meetinstrument kan gedefinieer word as die mate waarin dit aan sy doel beantwoord" .*

#### **Smit G.J. (1983 : 46)**

Volgens Smit (1983) kan die toets se geldigheid nie geskei word van die doel waarvoor die toets aangewend word nie. Om te bepaal hoe toepaslik die toets is vir verskillende doelstellings moet die verskeie tipes geldigheid van nader beskou word.

##### ***"Inhoudsgeldigheid:***

*om te bepaal of die toetsitems werklik daardie gedragsaspek wat die toets veronderstel is om te meet verteenwoordig...*

##### ***Voorspellingsgeldigheid:***

*om 'n voorspelling van toekomstige gedrag in 'n bepaalde kriterium te maak op grond van die sielkundige toetsresultate...*

##### ***Samevallende geldigheid:***

*om 'n diagnose van die huidige toestand van die kliënt ten opsigte van 'n bepaalde gedragsaspek te maak, byvoorbeeld toetse wat gebruik word om te bepaal watter soort behandeling 'n pasiënt moet kry.*

##### ***Konstruktiegeldigheid:***

*om te bepaal of die toets daardie gedragsaspek meet wat dit veronderstel is om te meet."*

#### **Lutz G.M. (1983 : 12)**

*"Validity is the extent to which a measurement truly represents an intended characteristic . For example, when someone says 'This information indicates that the public approves of private enterprise,' we want to know if this is true. Does this information really represent that public attitude?"*

**Bohrnstedt G.W. & Knoke D. (1982 : 12-13)**

*" validity refers to the degree to which an operation results in a measure that accurately reflects the concept it is intended to measure. A synonym for validity is accuracy. To the degree that an operation results in observable measures that are accurate representations of a theory's concepts, the resulting measures are said to be valid."*

**Lemke E. & Wiersma W. (1976 : 109)**

*"Validity is generally defined as the degree to which a test measures what it is intended to measure."* Volgens die skrywers is dit belangrik om te besluit of die toets geldig is vir *"... the inferences we wish to make from our knowledge of the test results"* (p. 109).

Indien die inligting verkry deur die tolk se vertaling geldig is, sal hierdie inligting vertrou kan word as 'n bron van kennis van die mens se lewe. Daar word op grond van die inligting bevat in die vertaling, sekere aannames gemaak oor die psige en realiteit van die mens. Intervensies, diagnoses en behoeftebepalings word op diè aannames gebaseer. Daar word ondersoek ingestel of die inligting verskaf deur die tolk se vertaling wel 'n werklike weerspieëling is van die subjek se realiteitsbelewenis.

Daar is verskeie aspekte wat Wallmach (1996) in verband bring met geldigheid van die tolk se vertalings:

- Objektiviteit van die tolk.
- Deursigtigheid van die vertaling.
- Die belangrikheid van die konteks.

Volgens Saphire (in Wallmach, 1996) beklemtoon die manipulasie-teorie die rol van die vertaler as aktiewe herskrywer, ten koste van die status van die outeur en die oorspronklike boodskap. Wallmach (1996) meen dat Saphire nie in ag neem dat die hoofstroom teoretici nog nooit kon ooreenkom op dit waaraan die vertaler getrou moet wees nie. Sienings verander van tyd tot tyd

oor die voorwaardes vir die ekwivalensie van vertalings. Daar is sommige teoretici wat die letterlike ekwivalensie-vertaling aanhang en ander weer die dinamiese ekwivalente-vertaling. Volgens Wallmach (1996) is die fout van die onderskeie redenasies dat betekenis as 'n "...static, capturable entity based on something like universal truth" (1996 : 270) gesien word. Verder wys Felperin (In Lockett, 1996 : 267) op die verhewe beskouing van taal dat "...words mean exactly what they say..." Wallmach stel voor dat die enigste wyse om getrouheid (geldigheid) te bepaal is om ondersoek in te stel vanuit 'n sistemiese konteks. Dit impliseer dat die vertalingsaksie beskou word as 'n kommunikasiesisteem en al die deelnemers se rolle ondersoek word binne die konteks waar die onderhoud en vertaling plaasvind.

### **3.6. FASES VAN DATAINSAMELING**

Om die verloop van die studie aan te toon word 'n kort weergawe van die tersaaklike navorsingsproses gegee. Die onderhoude word op band geneem om later as verifikasie vir die tolk se vertaling te dien. Die datainsameling van die studie vind in die volgende fases plaas:

#### **3.6.1. Fase een**

'n Reeks voorafvasgestelde oop vrae word aan die pasiënt gestel deur die verpleegster.

#### **3.6.2. Fase twee**

Die verpleegster vertaal die response en skryf die vertaling op die onderhoudskedule.

### **3.7. PROSES VAN DATAONTLEDING**

Die volgende fases word in die ontleding van die data onderskei:



### **3.7.1. Fase een**

Die bandopnames word getranskribeer en dan vertaal: hierna genoem die verifiërende vertaling

### **3.7.2. Fase twee**

'n Kolom word saamgestel waarin die verifiërende vertaling, die oorspronklike vraag van die onderhoudskedule en die verpleegster se vertaling saamgestel word.

### **3.7.3. Fase drie**

Die vertalings word in betekenseenhede verdeel en daarna ondersoek vir tekens van distorsie as gevolg van die perseptuele style naamlik skerpmaking, gelykmaking en assimilasië.

### **3.7.4. Fase vier**

Die tekens van distorsie word geëtiketteer.

### **3.7.5. Fase vyf**

In die fase word die tekens van distorsie in berekening gebring met die sisteem van die navorsingsituasie waar elkeen van die deelnemers naamlik die tolk, respondent en navorser sy eie paradigma saamdra. Daar word gehoop dat die kontekstuele ondersoek verdere lig sal werp op die voorkoms van distorsies .

## **3.8. RASIONAAL VAN ONTLEDINGSPROSES**

Die inhoud van die vertelling se betekenis is belangrik aangesien dit sal dui op die leefwêreld van die persoon op 'n unieke kulturele en sosiale vlak. Die inhoud (verifiërende vertaling teenoor die verpleegster se vertaling) sal verder lig werp op die verskille tussen die vertaling en die vertelling, en sodoende op die hoeveelheid inligting wat moontlik verlore gaan in die vertaling. Die geldigheid

van die gebruik van 'n tolk in sielkundige onderhoudvoering behoort hieruit te blyk.

Voordat enige kategorieë in die data geïdentifiseer word, moet daar volgens Higgs (1988) vasgestel word of die data aan die volgende vereistes voldoen:

- 1) Verstaanbaarheid
- 2) Vlotheid

Die vereistes word verder gebruik om te bepaal of die vertalings gereed is om gekategoriseer te kan word.

*"By continuously developing and improving the means of communication from the time they emerged till today... by discovering the significance lying inside the human creations, starting from the spoken language with all its components and finishing with a stone cut by a man some tens of thousands of years ago. This happens because all human creations are full of explicit or implicit significance which asks only to be brought to light."* (Oprescu in McCormack & Wurm, 1976 : 348).

'n Ontleding van die gesproke woord ontbloot volgens Oprescu (in McCormack & Wurm, 1976) die implisiete belangstellings en aspirasies van die spreker. Meganismes van vertaling behoort kruiskulturele kommunikasie en begrip moontlik te maak. Die vertaler moet toenemend bewus wees dat kommunikasie nie hoofsaaklik bestaan uit 'n aantal individuele sinne nie ongeag hoe goed hulle geformuleer is. Kommunikasie bestaan ook uit tekste, gesprekke en groter eenhede van kommunikasie wat binne kontekste en situasies bestaan. Die kontekste en situasies kan moontlik analise op spraakvlak ontduik (Van den Berg, 1996). Die konteks (Casson, 1981) waarbinne die vertelling plaasvind is gevolglik belangrik. Die navorser moet die betekenis en kultuur in ag neem en nie bloot net op die inhoud van wat gesê word fokus nie

In die woorde van Bamberg (1997: 193) “ *if it is our business to attempt to overcome ethnocentric prescriptions, I am convinced we will fare better if we start with descriptions of what people do in contrast to what they think [konteks]. Simultaneously we should realise that we cannot spring out of the ethnocentric practices that we attend to when communicating, even in the business of ‘scientific research’, but that we can attempt to become more reflective of them, and part of these attempts are to better understand otherness.*”

Die vertaling van die tolk word na aanleiding van die perseptuele styl geïmplementeer tydens vertaling, ondersoek. Die distorsies wat na aanleiding van die perseptuele style plaasvind word gedokumenteer. Die moontlike kontekstuele agtergrond waarbinne die distorsies plaasvind is ook van belang omrede dit moontlik ter verduideliking gebruik kan word oor die dinamika van vertalingsfoute.

**Tabel 3.8.1. Kontekstuele agtergrond van ontledings-kategorieë**

Voorbeelde van kontekstuele agtergrond is die volgende
1) Ouderdom
2) Geslag
3) Familiestatus
4) Huwelikstatus
5) Kultuur
6) Politiek
7) Sosiale dinamika
8) Werkstatus
9) Gesondheid
10) Geloof-, morele- en wetlike faktore
11) Ekonomiese en finansiële faktore
12) Omgewings faktore

Die kategorieë teenwoordig in die vertaalde teks word hieronder bespreek.

**Tabel 3.8.2. Perseptuele style wat moontlik distorsies kan veroorsaak (Devito, 1988).**

Perseptuele Style	Vereistes vir dataontleding
1) Skerpmaking	Die neiging is hier om die optimale hoeveelheid detail of inligting wat in die oorspronlike of bronboodskap teenwoordig is in die doel of eindboodskap in te sluit. Soms word sekere inligting beklemtoon ten koste van ander inligting.
2) Gelykmaking	Indien die bronboodskap inligting en detail bevat wat deur die vertaler uitgelaat word in die eindboodskap dui dit op gelykmaking.
3) Assimilasie	Vertaling word in die geval beïnvloed deur die tolk se eie ideologie, behoeftes, vooroordele, en waardes

Elke onderhoud (protokol) is vanaf 'n bandopname getranskribeer en vertaal. 'n Protokol word in vier kolomme verdeel. Die kolomme bestaan uit:

- 1) Die vraag soos op die vraagskedule.
- 2) Die vertaling van die tolk se vraagstelling aan respondent.
- 3) Die vertaling van die respondent se antwoord.

- 4) Die tolk se vertaling soos deur haar op die vraagskedule weergegee.

Betekenseenhede wat een kernfeit van die betrokke boodskap uitmaak is geïdentifiseer. 'n Etiket is aan elke betekenseenheid toegeken. Verdere onderskeid ten opsigte van elke tipe distorsie wat voorkom is gemaak, en word deur die alfanumeriese tekens A (Assimilasie), G (Gelykmaking) en S (Skerpmaking) aangedui.

Die etiket sien dus so daaruit:

*"It was because that boy had killed his girlfriend. [1]/ A. He tried to help [2]/A..."* en so meer.

Die vraelys word nie gekodeer nie maar enkele insidente wat verband hou met die vertalingsproses is egter bespreek. Dit sluit gevalle waar die vraag, soos deur die tolk gevra, verskil van die vraag op die onderhoudskedule en waar daar tekens is van toevoeging ten opsigte van die tolk se houdings, waardes, vooroordele en idees (Assimilasie). Vrae wat uitgelaat is kom ook onder die soeklig (Gelykmaking).

## HOOFSTUK 4

### DATAONTLEDING

#### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aan die verwerking en ontleding van die data aandag gegee.

Om die tekens van distorsie in berekening te bring met die sisteem van die navorsingsituasie waar elkeen van die deelnemers naamlik die tolk, subjek en navorser sy eie paradigma saamdra, word elke protokol as geheel bespreek.

#### 4.2 DIE BESKRYWENDE STATISTIEK

Die beskrywende statistiek bestaan hier uit die biografiese gegewens en die voorkoms van die tekens van distorsie in die onderhoude.

**Tabel 4.2.1. Biografiese inligting:**

Resp nr	Geslag	Ouderdom	Spreektaal	Getroud	Kinders	Werkstatus
# 1	M	25	Sotho	Ongetroud	1	In 'n kroeg
# 2	V	51	Suid-Sotho	Geskei	1	Hospitaal

# 3	V	27	Noord-Sotho	Ongetroud	1	Werkloos
# 4	V	59	Ndebele	Weduwee	1	Huishulp
# 5	V	49	Tswana	Weduwee	4	Hospitaal
# 6	V	54	Zulu	Ongetroud	3	Huisvrou
# 7	V	41	Zulu	Ongetroud	3	Hospitaal
# 8	V	19	Sotho	Ongetroud	0	Skoolkind
# 9	V	23	Zulu	Ongetroud	1	Student
# 10	M	44	Noord-Sotho	Getroud	3	Vurkhefwa
# 11	M	31	Noord -Sotho	Ongetroud	2	Werkloos

Manlik = M Vroulik =V

**Tabel 4.2.2. Voorkoms van distorsie in die antwoorde van die respondent soos vertaal deur die tolk**

Kategorie/ Etiket	n	%
Skerpmakend (S)	121	34%
Gelykmakend (G) (Distorsie)	148	41%
Assimilasie (A) (Distorsie)	91	25%
TOTAAL	360	100%

Tydens die ontleding van die onderhoude word 360 betekeniseenhede onderskei. 'n Gesamentlike distorsie van 66% kom voor en bestaan uit beide gelykmaking (41%) en assimilasië (25%).

#### 4.3 ONTLEDING EN BESPREKING VAN DIE ONDERHOUDE

In die fase word 'n kontekstuele ondersoek uitgevoer in 'n poging om verder lig te werp op die voorkoms van distorsie. Daar is verskeie moontlike redes of kontekste geïdentifiseer vir die weglating of assimilasië van inligting in die vertalingsproses.

Die onderhoudvoerders wat ook as tolke optree is in al die gevalle verpleegsters in die Mond- en Kaaksjirurgieafdeling. Dit blyk dat die tolke 41% (Kyk tabel 4.2.2.) van die inligting weglaat en die redes hiervoor is moontlik eerstens vooropgestelde idees van die tolk oor

dit wat die navorser verwag van die antwoord en tweedens die tolk se rol as verpleegster. Die volgende kontekstuele raamwerk is geïdentifiseer:

Gelykmaking as gevolg van:

- Mediese inhoud van die kommunikasie (Medies).
- Tolk se bydrae ten opsigte van inhoud (Tolk se bydrae).
- Tolk se verwagting ten opsigte van antwoord (Eie verwagting).
- Tolk se idees oor respondent se lewe (Persoon se lewe).
- Inhoud is volgens tolk reeds genoem (Reeds genoem).

**Tabel 4.3.1. Voorkoms van moontlike redes vir Gelykmaking (weglating)**

	N	%
Medies	35	24%
Tolk se bydrae	30	20%
Eie verwagting	71	48%
Persoon se lewe.	2	1%
Reeds genoem.	10	7%
TOTAAL	148	100%

Assimilasie kom 25% (Kyk table 4.2.2.) in die vertalings voor. In 40% van die gevalle word die respondent se leketaal omgeskakel in mediese (Mediese inligting) terminologie en in 60% word inligting bygevoeg of verander deur die onderhoudvoerder/ tolk.

**Tabel 4.3.2. Voorkoms van moontlike redes vir Assimilasie**

	N	%
Mediese inligting	36	40%
Tolk se eie houdings, waardes en vooroordele.	55	60%
TOTAAL	91	100%

Hierop volg 'n onderskeidelike ontleding van elke respondent se onderhoud om sodoende lig te werp op die konteks waarbinne



distorsie plaasvind. Die onderstreepte dele in die ontleding is die inligting wat relevant is tot die betrokke gelykmaking of assimilasië.

#### 4.4. ONDERHOUDE

##### 4.4.1. RESPONDENT 1:

‘n Vyf en twintigjarige man tydens ‘n argument geskiet in die sjebeen waar hy werk.

Resp # 1	Vertaling: tolk se vraag	Vertaling: resp se antwoord	Tolk se vertaling
Biografiese gegewens	<p>Brother there is some questions I would like to ask you concerning your interview that I would like to put you through. I would like to ask you how old you are?</p> <p>Are you married?</p> <p>Where are you working?</p> <p>How many children do you have?</p> <p>You don't have grandsons you are still too young.</p> <p>What language do you use?</p>	<p>I am 25 years.</p> <p>Single</p> <p>I am working at the lounge.</p> <p>One.</p> <p>Northern Sotho.</p>	<p><u>Guns in our country must be banned</u> V[1]/A. <u>If they found someone holding a gun. He or she must be sentenced to death</u> V[2]/A. (Soos deur tolk bygevoeg op onderhoudskedule.).</p>
<b>Vraag 1</b> What illness do you have?	What kind of disease were you here about?	It was a gunshot [1]/S.	Gunshot [1]/S.
<b>Vraag 2</b> Explain the symptoms? (and if the person is healed ask) How where you healed?	It was a gunshot, is it so? Tell us what kind of treatment did they give you since you were shot?	First they took out the bullet [2]S. When they finished taking the bullet out they washed my wound [3]/S.	The bullet was taken out [2]/S. The wounds were cleaned [3]/S <u>with the relevant solution</u> [4]/A. <u>Then the teeth was wired</u> [5]A.
<b>Vraag 3</b> What treatment are you getting?	After they have cleaned your wound they have used their medicine to clean your wound?	<u>Afterwards they gave me some medicine</u> [6]/G.	
<b>Vraag 4</b> What do you think caused these illnesses?	What happened in order for you to be shot? Why have you shot each other?	<u>It was because the boy had killed his girlfriend</u> [7]/G. <u>I tried to help</u> [8]/G.	<u>The cause for the gunshot was a revenge for the girl that was shot</u> [9]/A. <u>Now he was a suspect</u> [10]/A.
	Was she his girlfriend. Now who were you helping?	<u>I just saw him, so he was fighting me, just because I saw him</u> [11]/G.	
	<u>They thought that you have</u>	<u>Yes</u> [12]/G.	

Resp #1	Vertaling: tolk se vraag	Vertaling: resp se antwoord	Tolk se vertaling
<p><b>Vraag 5</b> What is the single most happy thing in your life?</p> <p><b>Vraag 6</b> What makes you unhappy in life?</p> <p><b>Vraag 7</b> What would you like to change in your life?</p> <p><b>Vraag 8</b> How do you think you could accomplish these changes?</p>	<p><u>told the cops about what happened, because you saw?</u>V[3]/A</p> <p>The other question is, what is the most wonderful thing that you like in life? The thing that makes you comfortable in life?</p> <p><u>Actually I want you to speak concerning children</u> V[4]/A.</p> <p>What is the thing that makes you unhappy in life, for example your marriage, at work, your friends and your life and diseases or the location you live in?</p> <p>If it is marriage, tell us why it is?</p> <p>What do you do if you are not feeling well?</p> <p>At work, How do you work? What makes you unhappy at work since you started talking about conditions or is there anybody against you?</p> <p>And let us talk about your suggestions that you can give us concerning our life what we need to do?</p> <p>What do you like in your life? Would you like to change?</p> <p>What kind of friend do you need, normal friend or Christian?</p>	<p><u>I like to read novels in English</u> [13]/G.</p> <p>I'd like my children to be educated and to have a bright future [14]/S.</p> <p><u>Marriage</u> [15]/G.</p> <p>I don't like to fight and if I see some people fighting I am not feeling well [16]/S.</p> <p><u>Many times I try to stop them</u> [18]/G.</p> <p><u>I work alone</u> [19]/G and conditions [20]/A.</p> <p>Every person has a need to socialize [21]/S and solve other people's problems [22]/S even the needy ones [23]/S. That is my suggestions.</p> <p>I don't like to have friends that drink beer etc [24]/S.</p> <p>When you think how you can work it out to have such Christian friends [25]/S. <u>There is a system that I am giving to you. If somebody keeps on doing a wrong thing, I will try to speak to him nicely. If he continues. I will get rid of him by saying, stop drinking</u> [26]/G.</p>	<p>He likes children that are attending school in order to have a bright future [16]/S.</p> <p>He doesn't like violence, if people are fighting he doesn't feel comfortable [16]/S. <u>If there is violence he just goes away</u> [17]/A.</p> <p><u>In work he doesn't like working overtime without a reward</u> [20]/A.</p> <p>Through life we must try to socialize [21]/S and learn to solve problems [22]/S and help the poor and the needy [23]/S.</p> <p>He doesn't like associating with friends who are drinking alcohol [24]/S.</p> <p>He likes to have friends who attend church [25]/S.</p>

Resp # 1	Vertaling: toek se vraag	Vertaling: resp se antwoord	Tolk se vertaling
<p><b>Vraag 9</b></p> <p>Is there anything else you would like to add to this interview?</p>	<p><u>Even though he drinks you won't show him that you don't like him</u> V[5]/A?</p>	<p>Yes [28]/A.</p>	<p><u>If the friend does not leave liquor he will just pretend to be happy with him</u> [27]/A, <u>without showing the hatred and the misbehaviour</u> [28]/A.</p>
	<p><u>And look now most of the people lost their lives</u> V[6]/A. <u>Look you nearly lost your life because of beers</u> V[7]/A. <u>Do you understand that if a person sells some he or she must not drink</u> V[8]/A <u>because you are all going to lose control</u> V[9]/A. <u>My advice is that if you sell some beer, please don't drink</u> V[10]/A.</p> <p><u>Since well you told me that you work in the Lounge I understand that there are no jobs</u> V[11]/A. <u>You got nothing to do because you have got children and a wife</u> V[12]/A. <u>You want to build a good family so you work in the Lounge</u> V[13]/A, <u>but beers are no good</u> V[14]/A.</p> <p>Thank you mr John Maboka.</p>	<p>I like a person to make correct friend [29]/S. <u>Those who believe in God</u> [30]/G <u>and those who can understand</u> [31]/G, <u>not those who steal</u>[32]/G.</p>	<p>To make correct choice of friends [29]/S.</p>

**Tabel 4.4.1.1. Perseptuele distorsies wat plaasvind in die onderhoud**

Kategorie/ Etiket	N	%
Skerpmakend (S)	12	37%
Gelykmakend (G)	13	41%
Assimilasie (A)	7	22%
TOTAAL	32	100%

Totale distorsies wat plaasvind: 63% (Gelykmakend en Skerpmakend)

**Tabel 4.4.1.2. Gelykmaking en moontlike kontekstuele redes daarvoor**

Vraag	Etiket	Moontlike konteks/ voorbeeld
3	[6]/G	“...some medicine...” – Medies
4	[7]/G	“...killed his girlfriend...” - Eie verwagting
	[8]/G	“I tried to help.” - Eie verwagting
	[11]/G	“I just saw...him.” –Tolk se bydrae
	[12]/G	“They thought...saw?” – Tolk se bydrae
5	[13]/G	“...like to read novels...” – Persoon se lewe
6	[15]/G	“Marriage.” – Persoon se lewe
	[18]/G	“I try to stop them.” – Eie verwagting
	[19]/G	“I work alone...” - Eie verwagting
8	[26]/G	“There is a...drinking.” – Eie verwagting
	[30]/G	“... believe in God...” – Reeds genoem
	[31]/G	“...who can understand...” – Reeds genoem
	[32]/G	“ ...who steal...” – Reeds genoem

**Tabel 4.4.1.3 Assimilasie met moontlike kontekstuele redes daarvoor.**

Vraag	Etiket	Moontlike konteks/ voorbeeld
2	[4]/A	“...relevant solution...” – Medies
	[5]/A	“...the teeth was wired.” – Medies
